

Lojaliteitsbonus: Bepalings en voorwaardes

1. Elke **suksesvolle** Solidariteit-lidmaatskapaansluiting waarborg aan die lid wat die verwysing verskaf het, 'n Takealot-geskenkbewys ter waarde van R250.

2. Geen geskenkbewys sal uitbetaal word indien die persoon wat verwys is:

- reeds 'n lid is;
- besluit het om nie aan te sluit nie;
- slegs as 'n ondersteuner aansluit (Boufonds, Regsfonds en Jeug-ondersteuningslidmaatskap); of
- indien Solidariteit nie die persoon wat verwys is teen 23 November 2020 in die hande kon kry nie.

(Navrae ten opsigte van suksesvolle aansluiting kan gedoen word tot en met 30 November 2020.)

3. Die reëls en inligting op die verwysingsblad se e-pos kommunikasie maak deel uit van die bepalinge en voorwaardes vir deelname.

4. Deelname aan die promosie impliseer aanvaarding van alle bepalinge, reëls en voorwaardes.

5. Die promosie sluit 7 November 2020 om 24:00.

6. Inskrywings is onbeperk, maar duplikaat inskrywings sal nie oorweeg word nie.

7. Die geskenkbewys sal nie vir kontant verruil kan word nie.

8. Om vir die prys in aanmerking te kom, moet jy bo die ouderdom van 18 jaar wees.

9. Geen aansoekvorms sal aanvaar word nie.

- Slegs inskrywings/verwysings wat deur middel van die Lojaliteitsbonus-skakel aangebring word, sal vir die bonus oorweeg word.

10. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging, sowel as die borge en agentskappe wat by hierdie promosie betrokke is, van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie en/of die benutting van die prys.

11. Solidariteit en sy vennote kan nie aanspreeklik gehou word vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat nie afgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van stuur, is nie bewys van ontvangs nie. Persone wat inskryf moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.

12. Die geskenkbewys is slegs geldig vir twee jaar.